



# HERNUWING VAN NUWE GENERASIE WIT KAARTJIE VUURWAPENLISENSIES

Geagte Voorsitter Sekretariaat / Veiligheidsverteenvoordiger

## HANTERING VAN DIE HERNUWING VAN DIE NUWE GENERASIE WIT KAARTJIE VUURWAPENLISENSIES EN GELDIGHEID VAN OU GROEN LISENSIES

Agri SA het opnuut uitklaring gekry by die SAPD oor die hantering van vuurwapenlisensies. **Aansoeke vir die hernuwing van vuurwapenlisensies (“wit kaartjie” lisensies) moet 90 dae voor die veraldatum wat op die lisensie verskyn voltooi en ingedien word.** Dit word voorgeskryf deur Seksie 24 van die Wet op die beheer van Vuurwapens van 2000.

Vuurwapens wat nie hiervolgens herlisensieer word nie **verval as gelisensieerde wapens** en word beskou as vuurwapens wat onwettig in besit is. Dit was die beslissing van die Grondwetlike Hof se uitspraak op 7 Junie 2018. **Die SAPD is egter verhoed deur die Hooggeregshof van Pretoria deur ’n tussentydse bevel om hierdie vuurwapens te konfiskeer.** Die Minister van Polisie en Nasionale Kommissaris het egter teen hierdie uitspraak geappelleer.

**Die SAPD het gevolglik ’n besluit geneem om nie enige vuurwapens waarvan die lisensies verval het vir nou te konfiskeer nie, hangende die afhandeling en uitspraak van die appél saak.** Die tyd sal leer wat gebeur maar dit sal beslis deur verskeie groeperinge teengestaan word. **Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie spesifieke vuurwapens waarvan die lisensie verval het, nie herlisensieer mag word nie** in ooreenstemming met Seksie 28(1) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens van 2000. Die Konstitusionele Hof uitspraak van 7 Junie 2019 het hierdie bepaling ondubbelsinnig bevestig.

**Vuurwapens wat nog steeds net in die verlede lisensieer is met die ou “ groen kaartjie” lisensies het is nog steeds geldig** op grond van die tussentydse bevel van die Hooggeregshof van Pretoria in 2009 in ooreenstemming met die ou Wet op die Vuurwapens en Ammunisie van 1969. **Dit geld egter net vir vuurwapens wat nie daarna lisensieer (migreer en oorgeplaas) is onder die nuwe Wet nie en uitgereik is met die nuwe “ wit kaartjie” lisensies nie** in ooreenstemming met die vereistes van die oorgangsreëlings soos dit verskyn in Skedule 1 van die nuwe Wet op die Beheer van Vuurwapens van 2000.

Agri NW groete

Boeta du Toit

**Uitvoerende Hoofbestuurder**